St. André Bessette

6 Januarie

(1845-1937)



Hierdie wonderwerker en geliefde heilige van Montreal in Kanada, het van kleins af ’n groot bewondering en liefde vir St. Josef gehad. Br. André was die portier van die Notre Dame Kollege en altyd bereid om ’n gebedjie te doen vir die talle daaglikse besoekers. Gou het dit bekend geword dat Br. André se gebede mense help. Volgens hom was dit egter die voorspraak van die heilige Josef wat tot die gebedsverhoring gelei het. Dit was sy grootste begeerte om ’n gepaste heiligdom tot eer van sy geliefde St. Josef te bou. Nadat hy jarelank die bietjie geld wat hy as barbier verdien het gespaar het, kon hy uiteindelik ’n eenvoudige bedeskryn tot eer van St. Josef oprig. Duisende mense het daar kom bid en later is die bekende basiliek wat oor Montreal troon daar opgerig.

© Die Oratorium Uitgewery